

31 Desember

Skrifgedeelte: Openbaring 22:8-21
Fokusgedeelte: Openbaring 22:12, 21

Kyk, Ek kom gou!

Die jaar 2012 is geskiedenis. Hoe was die jaar? Ja, daar was volop reën. Ons rivierdamme was meer as honderd persent vol. Velde het geblom, mens en dier het floreer. Vergeet nie die ander seëninge en goedheid van ons Here nie! Maar die kwaad (bose) was ook listig en kragtig. Duisende is beroof, vermoor, verkrag en verneder. Die skepping nogmaals geplunder.

O ja, ander het dit slegter gehad. Dink net aan Afrika noord van ons. Oral was rebellies, korrupsie en oorloë. Wêreldwyd het die resessie-monster werk en inkomste weggevreet. Armoede, honger en siektes het skrikwekkend gegroei. Maak dit alles ons bang en moedeloos? Verloor ons hoop?

In Openbaring 22 verseker Christus ons dat hierdie wêreld nie ons *huis* is nie. Daarom laat God *sondaars en onreines* voortgaan om *dwaas en boos* te lewe (vs 11). Hulle sal saam met hierdie vernielde wêreld vergaan.

Maar ons wat Christus aangeneem het, sal 'n nuwe hemel en aarde ontvang. Die *eindtyd is naby* (vs 10). Daarvoor kan ons nie meer wag nie. Daarom bid ons: *Ja, kom Here Jesus, kom gou!* (vs 17, 20b).

Is ek en jy gereed vir daardie groot en heerlike dag? Miskien sal 2012 die wederkomsjaar wees, wie weet? Wat ons wel weet, is: *Beter sal hierdie gebroke, oorvol en misbruikte aarde nooit word nie. Inteendeel, verval sal toeneem* (vs 10). *Gebruik dus elke geleentheid om God, jou medemens en die skepping te dien. Onthou, Christus bring sy loon saam!*

Mag ons elkeen oorvloedige *geloof, hoop en liefde* ontvang. Leef *nugter en wys, waak en bid!*

Sing: Skrifberyming 14-1:1, 3

Dr. NP Heystek (Emeritus)